## M. W. PRETORIUS SE POGING OM DOEANEREGTE VIR DIE VRYSTAAT TE VERKRY

Met die totstandkoming van die Vrystaatse republiek in 1854 is van meet af aan 'n tekort aan finansiële middele ondervind. Hierdie ongunstige balans was aan verskillende faktore toe te skryf: die belangrikste hiervan was die Vrystaat se selfgenoegsame landelike ekonomie, die ekonomiese wurggreep van die Britse regering, die gebrek aan 'n eie hawe, 'n beperkte blanke bevolking wat bowendien gekant was teen die betaling van belasting, wisselende klimaatstoestande en swak verkeersmiddele. Ook het die Basoeto-bedreiging en die ongevraagde Transvaalse staatsinmenging in 1857 die wankelende ekonomie verder verswak.[1]

Die Vrystaatse republiek het heel vroeg besef dat 'n deel van die doeaneregte die staatsinkomste kon vergroot. Dit het tot gevolg gehad dat presidente Hoffman en Boshof pogings aangewend het om die belofte van doeaneregte, soos vervat in die Bloemfontein-konvensie, te verwesenlik. Die Kaapse parlement het egter die Vrystaatse vertoë keer op keer op die lange baan geskuif.[2]

Toe M. W. Pretorius die presidentsamp in Februarie 1860 aanvaar, het hy onverwyld tot onderhandelinge met die Kaapse regering oorgegaan. In Mei 1860 het hy luitenant-goewerneur Wynyard versoek om die regmatige aanspraak van doeaneregte voor die Kaapse parlement te lê.[3] Dié versoek is op 7 Junie aan die Wetgewende Vergadering voorgelê, maar soos in die verlede is geen besluit in die verband geneem nie.[4]

Volgens *The Friend* was die Kaapse parlement se hoofbeswaar dat indien die Vrystaatse aanspraak erken word, 'n presedent geskep sou word en in alle waarskynlikheid sou die Zuid-Afrikaanche Republiek, asook Mosjesj, Adam Kok, Moroko en ander onafhanklike naturellehoofde soortgelyke eise stel. Die Republiek se invoer en uitvoer het in 'n groot mate bygedra tot die koloniale inkomste en 'n tolaag van ongeveer R10,000 jaarliks sou die Vrystaat in staat stel om sy geldelike probleme te oorbrug.[5]

Met die doel om die deel van die invoerregte waarop die Vrystaat geregtig sou wees, te bereken, het landdros Cloete gegewens oor

1. Vgl. *Volksraadsnotule,* 12.8.57, 6.2.1860.
2. Kieser, A., *Die Doeanekwessie tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie 1848-1889,* pp. 8—20.
3. *G.S. 1633,* Pretorius aan Wynyard, 16-5-1860.
4. Kaapse Blouboek, *Votes and Proceedings of the House of Assembly, 1860,* 7.6.1860, Boodskap no. 10, p. 188.
5. Friend, 9.5.1862.

die Vrystaatse invoer van die landdroste en handelaars ingesamel. Daaruit het geblyk dat die Republiek se invoer op ongeveer R500,000 te staan gekom het. Die bedrag is soos volg verkry: Bloemfontein en distrik R140,000; Smithfield R100,000; Fauresmith R160,000; Winburg R60,000; Harrismith, Boshof en Kroonstad R40,000. Van die totale bedrag is R300,000 vir onkoste afgetrek, wat 'n som van R200,000; laat. As die doeaneregte wat deur die Koloniale regering gehef is, op 10% van R200,000 bereken word, het dié regering dus jaarliks R20,000 verkry wat die Vrystaat eintlik toegekom het. Verder is die invoerregte op 60,000 lb. kruit teen vyf sent per pond bereken, wat die koloniale inkomste met 'n verdere bedrag van R3,000 vermeerder het. Volgens *The Friend* was die bedrag van R3,000 voldoende om die Kaapkolonie te vergoed vir hul moeite met die hantering van die Vrystaatse goedere.[6] Twee jaar later is die Vrystaatse invoer van oorsese goedere egter op soveel as R690,000 gestel.[7]

Pretorius het geen amptelike antwoord van die Kaapse goewerneur ontvang nie[8] en het gevolglik in Mei 1862 die Volksraad byeengeroep om die doeanekwessie te bespreek. Die Kaapse parlement was in sitting en Pretorius het op die wenslikheid gewys om twee of meer persone te benoem om met die Kaapse regering te onderhandel en hulle van die billikheid van die eis te oortuig. Verder het Pretorius aangevoer dat die onderhoud van die nuutgestigde grenspolisie R18,000 tot R20,000 jaarliks sou bedra en sonder 'n gedeelte van die invoerregte sou die instelling finansieel nie gehandhaaf kon word nie. Die oorsese goedere uit die Kaapkolonie was meer as R600,000 jaarliks en die uitvoer van Vrystaatse wol na die kolonie meer as R400,000.[9]

'n Kommissie bestaande uit Pretorius en goewermentsekretaris Allison is deur die Volksraad aangewys en is gemagtig om 'n derde lid te benoem.[10]

Die Koloniale koerante het prominensie verleen aan Pretorius se beoogde verkryging van 'n deel van die doeaneregte. Veral *De Zuid-Afrikaan* en *The Colesberg Advertiser* was die Vrystaatse saak goedgesind. *De Zuid-Afrikaan* het die Republiek se versoek as billik bestempel en verklaar dat die verwesenliking van die aanspraak ook die Kaapkolonie sou bevoordeel. In geval van vyandelikhede aan die kant van die Bantoestamme teen die Kolonie, sou die Vrystaat as bufferstaat teen Mosjesj en die inboorlingstamme 'n waardevolle

6. *Friend*, 2-11-1860, 9-11-1860.
7. Kaapse Blouboek, A. 79-'62, *op. cit.*, pp. 5-6.
8. Volksraadsnotule, 4.2.1861, Openingsrede, art. 1.
9. *Ibid.*, 14.5.1862, Openingsrede, art. 1.
10. Vgl. *Ibid.*, 15-5-1862, 16-5-1862, Instruksies vir Kommissie, artikels 1-2.

bondgenoot wees. Vir hierdie voordele moes die Koloniale regering 'n bydrae van R16,000 maak.[11]

Intusen het Pretorius dr. Changuion as derde lid van die kommissie aangestel.[12] Ook het hy goewerneur Wodehouse meegedeel dat die aanspraak van die Vrystaat algemene erkenning geniet. Dit is nooit deur die Britse kommissaris George Clerk, luitenant-goewerneur Darling, goewerneur Grey en 'n gekose komitee van die Kaapse parlement van 1855/56 in twyfel getrek nie.

Voorts het Pretorius daarop gewys dat om in vrede met die naburige inboorlingstamme te leef, 'n berede polisiemag op die Vrystaatse grense geplaas moes word. 'n Doeltreffende grenspolisie sou hoë koste meebring en die Republiek sou dit nie kon finansieer nie.

Uit die getuienis wat die gekose komitee ingewin het, het Pretorius die volgende voorbeelde ter stawing van die Vrystaat se regmatige eis aangehaal: Biddulph wat 'n gesagsposisie gedurende die Britse regering in die Vrystaat beklee het, het verklaar dat indien die Vrystaat se versoek van die hand gewys word, dit die ekonomie van die Kaapkolonie kon benadeel, want die Vrystaat kon dan sy handelsbelange na Natal verplaas. Ook is die getuienis van 'n oud-Britse amptenaar in die Vrystaat, Green, aangehaal wat beweer het dat die Vrystaat die bewaarder van byna 300 myl van die noordelike koloniale grenslyn was. Dié beskerming was naas die regverdige aanspraak op invoerregte minstens 'n paar duisend rand jaarliks werd.[13]

Pretorius het ook 'n duidelike uiteensetting van die Republiek se invoer geskets. Van die Oostelike provinsie is jaarliks goedere ter waarde van R630,000 ingevoer, wat met uitsondering van 'n bedrag van R100,000 deur middel van wol betaal is. Die jaarlikse gemiddelde opbrengs van wol in die Vrystaat het ongeveer R530,400 beloop. Goedere ter waarde van minstens R60,000 is ook jaarliks van die Westelike provinsie ingevoer. Dit is bereken op grond van die feit dat daar jaarliks 100 togwaens van die Kaapkolonie die Vrystaat binnegegaan het. Altesaam is dus jaarliks minstens R690,000 uit die Kaapkolonie ingevoer.[14]

Op 7 Julie 1862 het Wodehouse die Vrystaatse kommissie meegedeel dat die Kaapkolonie voordele aan die Vrystaat bied wat die finansiële voordele van die doeaneregte oortref. Hy het onder andere gewys op die veilige deurgang tot die Koloniale hawens, die geriewe wat daar verskaf word, die bevordering van Vrystaatse handelsbe-

11. *De Zuid-Afrikaan*, 26-6-1862.
12. Vgl.*Friend*, 11-7-1862, 18-7-1862.
13. Kaapse Blouboek, A. 79-'62, *op. cit.*, pp. 2-4.
14. *Ibid.*, pp.5-6.

lange en die teenwoordigheid van Britse troepe in die Kaapkolonie. Gevolglik het hy gemeen dat die Vrystaatse aanspraak nie geregverdig was nie.

Wodehouse het egter erken dat Clerk in 1854 aanbeveel het dat die Vrystaatse aanspraak gunstig oorweeg moes word en ook dat Darling uit staatkundige oorweginge bereid was om geldelike ondersteuning te gee. Die Britse regering was ten tyde ook geneig gewees om dieselfde standpunt te onderskryf, en volgens Wodehouse was dit duidelik dat hulle dit aanbeveel het, nie op grond van 'n reg nie, maar om hulp te verleen.

Wodehouse het verder geargumenteer dat toe goewerneur Grey die Vrystaatse aanspraak voor die Kaapse parlement gelê het, hy klaarblyklik nie bereid was om te beweer dat die Republiek se aanspraak werklik gegrond was nie en slegs aanbeveel het om billike oorweging daaraan te skenk. Ofskoon dit die algemene gevoel was om die buurstaat te help, was die Kaapse regering nie daartoe bereid nie. Volgens Wodehouse sou dit dus nutteloos wees om dié saak aan die Parlement voor te lê. Indien die deputasie dit egter wel sou verlang, sou hy aan die versoek voldoen.[15]

Pretorius was nie tevrede nie en het Wodehouse gevra om dié saak na beide Huise van die parlement te verwys.[16]

Na bespreking het die Wetgewende Raad besluit dat dit gepas sou wees om 'n jaarlikse bydrae te maak omdat die belange van die Vrystaat nou ineengestrengel was met die van die Kaapkolonie.[17] Hoewel 'n bedrag nie in die mosie ingesluit was nie daar dit 'n saak van privilege tussen die twee Huise sou raak, was die Wetgewende Raad nogtans begerig dat 'n toelaag van R10,000 aan die Vrystaat toegestaan word.[18]

Wodehouse kon hom nie vereenselwig met die aanvaarde besluit nie en in Julie 1862 het hy die Wetgewende Raad meegedeel dat dit in stryd was met die beginsel van neutraliteit. Onlangse gebeurtenisse het die neurtraliteitsbeginsel verstrek. Eerstens was daar die Basoeto se begeerte om die vriendskapsbande met die Kaapkolonie te verstewig en tweedens die Vrystaatse versoek aan die Koloniale regering om as bemiddelaar in die grensgeskille tussen die Republiek en die Basoeto op te tree.[19] Hierdie standpunt van Wodehouse het tot gevolg

15. *Ibid.*, pp. 7-8.
16. *Ibid.*, p. 8.
17. Vgl. Kaapse Blouboek, *Votes and Proceedings of the Legislative Council, Fourth Session — Second Parliament, April 24 — August 7, 1862,* Minute xxv, 1862, 11-7-1862, p. 105.
18. *Friend,* 1-8-1862.
19. Kaapse Blouboek, *Votes and Proceedings of the Legislative Council . . .* ens., Wodehouse aan Wetgewende Raad, 30-7-1862, Boodskap 16, Minute xxxvii — 1862, p. 162.

gehad dat die Wetgewende Raad hul besluit agterweë gehou het.[20]

Die Wetgewende Vergadering het ook die Vrystaatse aanspraak bespreek. Die meerderheidsgevoel was egter daarteen.[21]

Interessant is dit om te let op die mening van 'n objektiewe waarnemer, C. Behrens, wat 'n verslag omtrent die Vrystaatse eis vir die Durbanse Kamer van Koophandel opgestel het. Die indirekte voordele soos deur Wodehouse uiteengesit, het nie vir hom steek gehou nie. Volgens hom sou 'n toegeeflike houding die ekonomie bevorder. Die beginsel van vryhandel het hoogty gevier en in lande waar dit oordeelkundig toegepas is, het die handel gebloei. As voorbeeld het hy die suksesvolle Duitse *Zollverein* genoem waarvolgens die staat wat invoer, geregtig is op die invoerregte. So 'n reëling kon ook met die Vrystaat aangegaan word.[22]

Die grondliggende rede vir die mislukking van Pretorius se planne kan dus toegeskryf word aan die Britse beleid om die Vrystaat ekonomies swak te hou sodat dit geen wesenlike gevaar vir Britse belange kon inhou nie.

J. C. M. Venter.

20. Kieser, *op. cit.*, p. 23.
21. Vgl. *Cape Argus*, 17-7-1862; Kaapse Blouboek, *Votes and Proceedings of the House of Assembly*, 1862, 15-7-1862, p. 258.
22. *Friend*, 27-3-1863.